



Kwetter Letter

NOMMER 22 VAN 2021 : 29/07/2021

| Lees asseblief alle inligting



1. PERSONEEL BOODSKAP

Welkom terug aan al ons leerders en ouers, na die winter-vakansie. Kan julle glo... nog net 5 maande voor die einde van die skooljaar!

Ons gaan weer lekker, speel-speel, leer!

SKOOL-URE

Arriveer : 06:45 – 07:15

Verdag : 12:30

SO KAN JY WOEDEBUIE EN SKAAM GESIGTE VERMY

Wanneer jy nie behoorlike reëls en grense het nie, kan nie jy of jou kinders gelukkig wees nie. Ons, as ouers, verwaarloos hierdie aspek van gesag wanneer ons net heelyd reageer op ons kinders se stoutigheid en ongehoorsaamheid. Hulle weet nie vooraf waar die grense is nie, en as hulle dit in ons oë oorsteek, straf ons hulle. Dit is nogal onregverdig.

Ons weet tog die meeste kinders word nie met 'n goed-ontwikkelde aanvoeling vir grense gebore nie! Hulle moet dit vir hulle aanleer en ons is die verantwoordelike grensregters. Toe my seuntjie die eerste keer by 'n konsert was waar sy pa nie opgetree het nie, het hy nogtans, na die vertoning, op die verhoog geklouter. Hy was mos gewoon daaraan dat hy na die tyd op die dromme mag gaan trommel. Niemand het vir hom verduidelik die verhoog is buite perke nie – hy speel dan weekliks op die verhoë!

Ons verleentheid was groot, maar niemand kon hom blameer nie. Dit is presies wat gebeur wanneer ons nie grense stel nie. Die resultaat is "skande" vir jou en jou kinders. Jy mag nie hierdie plig, en reg, verwaarloos nie. Talle tieners kla nie oor hoe outyds of streng hulle ouers is nie, maar eerder oor hoe min hulle omgee. Wanneer hulle gevra word waarom hulle so oor hulle ouers voel, kom die antwoord dikwels: "Hulle gee nie om waar ek is, wanneer en of ek huis toe kom nie. Ek dink nie hulle gee enigsins om waarmee ek my besig hou nie".

Stel grense wat nie onredelik is nie en maak seker dit word ook nie sommer net verander of geïgnoreer nie. As dit die geval is, word daardie deel van jou gesag belaglik.



2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan ons Hasie Kwassie personeel en maatjies wat in JULIE verjaar het!
 Juffrou Lynette : 6 Julie
 Juffrou Sonja : 20 Julie
- Klasse
 Juffrou Lynette : Zané 07/07 ; Frederik 21/07
 Juffrou Cathy : Keanu 07/07 ; AJ 21/07 ; Nica 31/07 ; Milé 31/07
 Juffrou Sonja : Kairun 16/07 ; Myra 21/07 ; Mosima 23/07
 Juffrou Anke : Daniel 21/07
- Baie geluk aan ons maatjies wat in AUGUSTUS verjaar! Hoop julle het 'n wonderlike dag propvol pret!
- (Die name van ons Augustus verjaardag maatjies sal in die volgende nuusbriëf verskyn).

NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, "cupcakes" of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.



3. Buitemuurse aktiwiteite

- Maandag - Playball ; Drama ; Ballet
 Dinsdag - Gholf
 Woensdag - Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
 Donderdag - Tennis - (**Onthou tekkies**)
 Vrydag - Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karliën 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

*** KONTAK ASSEBLIEF DIE BETROKKE AFRIGTERS DIREK INDIEN U ENIGE NAVRAE HET.**

Let wel:





Swem sal weer vanaf 3 Augustus 2021 begin.



4. Tema vir die week

02/08/2021 – 06/08/2021

VERVOER



5. Opvoedkundig

5.1 VERSLAE, SKRYFBEHOEFTE, SPOGSAKKE

- ❖ U ontvang vandag u kind se **tweede kwartaal verslag**.
Teken asseblief alle verslae en stuur dit in die verslagkoevert terug, voor of op 2 Augustus 2021.
- ❖ U ontvang vandag u kind se **spogsak**. Gaan spog met u kind se kreatiewe werk!
- ❖ U ontvang ook vandag u kind se **buitemuurse verslae**.
- ❖ U het reeds die skryfbehoeftes ontvang wat u kind tuis kan gebruik.
Nuwe **skryfbehoeftes vir klasegebruik in die derde kwartaal** is reeds uitgedeel.

5.2 SKOOLRÛELS

- ❖ Geen speelgoed mag skool toe kom nie.
- ❖ **Wees betyds. U kind ontwrig die klas as hy/sy laat is.**
- ❖ Gebruik altyd jou Hasie Kwassie tas.
- ❖ Ons baklei nie, ons speel saam.
- ❖ Wees lojaal! Vertel alles wat jy leer!
- ❖ Ons gooi nie sand nie.
- ❖ Ons maak beurte en gee almal 'n kans.
- ❖ Ons eet met 'n toe mond en mors nie.
- ❖ Gedrag onberispelik.
- ❖ Luister.
- ❖ Bly stil wanneer ons moet.
- ❖ Pla nie ander leerders nie.
- ❖ Hasie Kwassie beursie, Vrydag om jou nek.
- ❖ Onthou jou nuuslêer op Vrydae.
- ❖ **Alle gelde in 'n GEMERKTE KOEVERT.**



6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

**Donderdae
Vrydae**

9 Augustus
1 September
2 September
24 September

**Nuusboek
Nuusboek terug**

Vrouedag
Lentedag
Gradeplegtigheid Foto's
Erfenisdag

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 OUPA- EN OUMADAG

- U ontvang vandag **2 boekmerke as geskenk vir Oupa en Ouma**; asook klei en kleidrukkertjies vir u Hasie Kwassie kind.
- Ons Oupa's en Ouma's is spesiaal vir ons!

6.3 NUUSLÊER

- ❖ Ouers, sien asseblief toe dat die nuuslêer netjies en skoon terugkom skool toe.
- ❖ Nuuslêer raak nie weg in die klas nie. Pas die lêer op, asseblief.
- ❖ Vervang nuuslêer indien dit weggraak.

6.4 KONTAK SKOOL

- ❖ Indien 'n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.5 KLEREDRAG

- ❖ Ons leerders kom netjies skool toe.
- ❖ **GEEN PANTOFFELS NIE!**
- ❖ Geen komberse. Bêre hoed, serp en handskoene in skooltas.
- ❖ Dra Hasie Kwassie Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag T-hemp.
- ❖ Vrydag, netjiese gewone klere.
- ❖ Langmouhemp mag onder T-hemp gedra word.
- ❖ Dra Hasie Kwassie "Dry-Mac".
- ❖ Dogters mag dieselfde kleur linte as T-hemp in hare dra.
- ❖ Kort hare moet netjies gekam wees.
- ❖ Seuns, kort, netjiese gekamde hare.
- ❖ Kind moet self skoenveters kan vasmaak.
- ❖ Geen juwele of naellak.
- ❖ Ons is trots en lyk netjies.

6.6 T-HEMDE & DRYMAC'S TE KOOP

- ❖ Hasie Kwassie T-hemde beskikbaar @ R100-00 elk.
- ❖ DryMac's beskikbaar @ R200-00 elk.

6.7 GHOLFDAG

- ❖ Ons Gholfdag word beplan vir 17 September 2021.
- ❖ Ons herinner ouers dat ons enige bydraes of borge vir ons gholfputjie sal waardeer.
- ❖ Indien daar enige ouers is wat belangstel om ons op daardie dag te kom help, stuur asseblief 'n e-pos na anke@riebie.co.za



6.8 INTERAKSIE TUSSEN OUERS WAT KINDERS AFHAAL

- ❖ Daar word opgemerk dat sommige ouers voor en na hulle die leerders by die skool kom oplaai, buite die terrein rondstaan en gesels en covid protokol verontagsaam.
- ❖ Ons rig 'n **ernstige** versoek aan ouers om asseblief hierdie tipe interaksie te vermy, veral in die lig van die huidige styging in covid-getalle.
- ❖ Ons vra groot asseblief: Bly in u motor, laai u kind/ers op en vertrek.
- ❖ Ons moet te alle koste ons leerders beskerm en vertrou dat ons op elke ouer se samewerking in die verband kan staatmaak.

6.9 GRAAD R - 2022

Suksesvolle aansoekers is reeds in kennis gestel. As gevolg van Covid-protokol sal die afhaal van inskrywingsdokumente plaasvind in die vorm van 'n deur-ry tussen 08:00-09:00 op 4 Augustus 2021 en tussen 08:00-09:00 op 5 Augustus 2021. Besonderhede van die deur-ry sal voor of teen eerskomende Maandag aan suksesvolle aansoekers gekommunikeer word.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke of laat-aansoeke, stuur asseblief 'n e-pos na naomi@riebie.co.za.

6.10 GRAAD 1 - 2022

Ons skool se voornemende Graad 1 - 2022 ouers het in die tweede kwartaal 'n skrywe ontvang wat voor 29 Junie 2021, saam met die volgende **verpligte stawende dokumente**, na u kind se klasonderwyser teruggestuur moes word. Daar is egter ouers wat nog nie die dokumente na die skool gestuur het nie.

Ons versoek weereens dat die volgende dokumente dringend na die skool gestuur word, indien dit nog nie gedoen is nie:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se **Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Immuniseringskaart/rekord**.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se **ID dokumente**.
- **Bewys van adres**, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

Die openingsdatum vir Graad 1 - 2022 aansoeke sal om 10:00 op Sondag, 1 Augustus 2021, deur Gauteng se LUR van Onderwys aangekondig word. Ouers moet ingevolge departementele riglyne by www.gdeadmissions.gov.za **AANLYN** aansoek doen, sodra die aansoeke open.

Sodra die skool enige verdere inligting ontvang sal ouers dienooreenkomstig in kennis gestel word.



7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam : LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
 Bank : FNB (TJEK REKENING)
 Takkode : 205609
 Reknommer : 62749134243
 Verwysing : Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.



8. Wagklas

2 Augustus 2021 – 5 Augustus 2021

Lokaal: Juffrou Sonja

WAGKLAS 12:30 – 14:00

(Wagklas roteer van klas tot klas, op 'n weeklikse basis. Wagklas is slegs vir leerders met ouer boeties en sussies in Laerskool van Riebeeckpark).

SNOEPIE : MÔRE, 30 JULIE 2021.

Dra jou Hasie Kwassie beursie om jou nek.



LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA